

Janine Grunewald

15022331

Les aangebied op 16 Maart 2011 Kerse

---

Volgens my was hierdie aktiwiteit redelik maklik en op die vlak van graad 10 leerders. Die leerders kon maklik die eerste paar spasies in die tabelle invul. Ek was verbaas dat hulle meer gesukkel het om van 6 na 10 ure te gaan as om van 10 na 20 ure te gaan. Hulle kon dadelik agterkom dat om van 10 na 20 ure te gaan moet jy kyk hoeveel van die kers het in 10 ure weggebrand, dit verdubbel en van die oorspronklike lengte afgetrek. Daar was wel een of twee leerders wat dit met behulp van 'n verlengde tabel afgetel het. Die meeste leeders kon dadelik die aanvanklike lengte van kers 2 bereken.

Die leerders was baie onseker oor hul antwoorde. As ek net gevra het hoe hulle by 'n antwoord uitgekom het, het hulle dadelik aangeneem die antwoord is verkeerd selfs al was dit die korrekte antwoord. Hulle het lank geneem om die vraag te verstaan waaroor ek nogal verbaas was. Ek kon egter aan die begin van die les die vraag beter aan hulle verduidelik het, maar ek het aangeneem hulle sal dit verstaan – 'n aanname wat duidelik verkeerd was.

Hulle kon ook nie lekker in 'n groep werk nie en het dadelik die somme op hul eie probeer doen, sonder om enigsins met hul groepmaats te praat. Hulle het egter later in die les meer met mekaar begin praat. By vraag 3 het hulle dit gedoen met behulp van redenasie. Die kers was na 15 ure 13cm lank. Hulle kon egter nie uitredeneer dat die kers nog 1,5ure moet brand om 10cm lank te wees nie en hulle antwoord was 16 ure in plaas van 16.5 ure. Net soos in vraag 3 het hulle redenasie gebruik om vraag 4 te beantwoord, maar het weereens gesukkel om met halfure te werk.

Dit was vir my interessant dat toe die tyd vir die aktiwiteit verstreke was, het hulle ewe skielik begin praat en vrae vra daaroor. Ek dink as hulle hierdie motivering van die begin van die les gehad het, sou die les meer suksesvol gewees het.

*[OK Janine, maar die doel is dat ons ons akademiese brille opsit en ons professionele taal gebruik om die gebeure te beskryf – die leerlinge het rekursie gebruik en nie 'n funksionele verwantskap nie, en dit het beteken dat hulle wankelerig was by 6 na 10 uur, ens.]*

*Aan die ander kant het hulle die idee van 'n konstante koers van verandering (gradient) verstaan en as model gebruik om onbekende funksiewaardes te bereken.*

*Die leerders het dus nie algebraïese formule geformuleer nie, en hoewel hulle die eerste paar vrae kon beantwoord, het dit dus lank geneem ...AIO]*